# Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

**Sondag 23/4**

09:30 Erediens / Kategese

Deuroffer: Bybelmedia

Diensbeurt: Trinity

**Sondag 30/4**

09:30 Erediens

Deuroffer: ACVV

## Sonde in die LIG van LIEFDE

Ons beweeg nou van Paasfees na Pinkster. Die Nagmaal is ingestel deur Jesus waar Hy eers Sy dissipels se voete gewas het en toe vir hul verder verduidelik het hoe Sy liefde vergifnis van hulle sonde gaan bring (Joh.13 ev).
Ons leef met hierdie vaste wete – ons is vrygekoopte kinders van God.
Ons beweeg met ‘n nuwe vreugde na Pinkster. Die tyd van ons kerklike jaar waar die uitstorting van die Heilige Gees gedenk word.
Die kort boodskap is dus dat ons in ‘n nuwe verhouding met Jesus kan leef omdat Hy na ons gekom het en ons kan deur die leiding van die Gees nuut teenoor mekaar leef.
Dis die woderlike wat ons deel en wil sien bymekaar. In vandag se erediens asook in die skrywe kyk ons wel na sonde maar nie omdat ons armsalige sondaars is nie, veel eerder omdat ons **kinders van God is** wat wel sukkel met uitdagings in ons lewens.
Hier is ‘n voorbeeld van hoe Jesus met die kind wat sukkel omgegaan het. Sy naam was Levi en hy was ‘n tollenaar:
*Gedurende Jesus se tyd, die eerste eeu in Israel, het tollenaars die werk gehad om belasting in te samel. Hul sou belasting gevra het op inkomste, oeste, of selfs net goedere wat gedra word. Tollenaars was deur Jode gehaat omdat hulle gewoonlik self Jode was, wat vir Rome gewerk het. Belasting was nodig om die Romeinse Ryk te onderhou itv paaie, veiligheid, ens. Tollenaars was bekend vir hul bedrog en skelm wees en ryk word deur ekstra **onnodige** belasting te vra. Wanneer hul dan die nodige belasting oorbetaal het aan Rome, sou hul dan ekstra vir hulself gehou het. In die oë van ander Jode, is tollenaars as van die slegste sondaars beskou, soos prostitute.*
***Jesus het dus baie ongemaklikheid veroorsaak** onder sy dissipels en volgelinge (meestal Jode), deur die tollenaars in te sluit en selfs by hulle te gaan eet. Die outeur van die boek Matteus, is die dissipel Levi, wat self ‘n tollenaar was.*

Jesus het nie lang wette aangehaal en net oor al sy sonde gepraat nie. Hy het by die man of vrou gaan tyd spandeer en liefde gedeel. Deur die liefde kon die persoon dan tot nuwe insig en nuwe lewe kom.

Jesus wys liefde deur normale dagtake saam met mense te doen, selfs saam met gewone, bekende sondaars te eet. (ons lees ook van Saggeus die tollenaar wat tot bekering kom as Jesus by hom tuisgaan)

Ons beleef vergifnis van ons sondes, wanneer Jesus tyd by ons spandeer.

Die vraag is dan hoe gee ek God se hoop en liefde aan soos Jesus.  Is daar vuil voete wat ek kan gaan was?  Foute wat ek kan vergewe?

Geniet die week in voorbereiding tot Pinkster, Dewald

## <u>**Preeknota's**: 23 April 2023</u>

**Teks**: Joh.13:1-17 en Matteus 11:28

**Tema**: Sonde in die Lig van Liefde

Vandag kyk ons na 2 baie bekende tekste.  Lees hulle gerus weer.

Dink na oor hoe God jou uitnooi om by Hom te wees?

**Skryf** neer watter tyd jy voor "JA" gesê het om by God te wees.

Ons lees en weet hoe God vir ons tyd maak, en ons nooi na Hom toe, en vir ons feeste voorberei, die vraag is dus om te kan sê – Ja, Here ek is daar.


**Skryf** neer watter tye jy nie kon reageer op God se uitnodiging nie?

Weet dat jy altyd genooid is en dat Jesus weer aan jou hart se deur kom klop.

Dink aan Pinkster wat voorlê – jy is skoongewas, jy is God se kind – waar sal jy verder toegerus wil word om God se boodskap na mense uit te leef?

Praat met God oor jou reis in Sy teenwoordigheid.






| Noemnaam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Adele | De Kock | 04/21 |
| Divan | Stander | 04/21 |
| Jan | Conradie | 04/22 |
| Josie | De Kock | 04/22 |
| Nadine | Fick | 04/23 |
| Johalene | Rousseau | 04/23 |
| Helena | Eillert | 04/24 |
| Patrys | Mac Farlane | 04/24 |
| Chrisli | Vermeulen | 04/24 |
| Sandra | Swart | 04/25 |
| Esther | Theunissen | 04/25 |
| Gerrie | Van Rensburg | 04/25 |
| Marika | Basson | 04/26 |
| Nelius | Le Roux | 04/26 |
| Elsabé | Le Roux | 04/26 |
| Louis | van der Merwe | 04/26 |
| Sharla | De Wet | 04/27 |
| Sebastiaan | Du Toit | 04/27 |
| Marieka | Du Toit | 04/27 |
| Esbe | Eksteen | 04/27 |
| Annette | Swart | 04/27 |
| Lourens | Muller | 04/28 |
| Steve | Klopper | 04/29 |
| Christo | Van Der Merwe | 04/29 |
| Christo | De Wet | 04/30 |
| Zahni | Du Toit | 04/30 |
| Joseph | Nothnagel | 04/30 |
| Liza | Pieters | 04/30 |
| Mianè | Steyn | 04/30 |
| Dawie | Burger | 05/01 |
| Christine | De Kock | 05/01 |
| Lorraine | De Villiers | 05/01 |
| Poenie | Hoffman | 05/01 |
| Nina | Van Zyl | 05/01 |

NUWE INTREKKERS OF BESOEKERS AS JULLE INLIGTING WIL ONTVANG VAN DIE KERK SE GELEENTHEDE STUUR ASB 'N WHATSAPP NA 072 807 3192 EN ONS STUUR VIR JOU AAN.

# Voorbidding

Tannie Annette du Toit

Teresa, Amelia en Jan met die afsterwe van hul ma Elfreda de Kock.

**Erediens elke dag - Bybelleef**

Oop uitnodiging om deel te word van 'n groep wat weekliks die Bybel verder bestudeer aan die hand van die erediens teks.

Die metode is om:

- Sondag die erediens by te woon (In die kerk of op YouTube).
- Preekteks en tema via Diensnuus te lees voor Sondag se preek.
- Per Whatsapp-groep vrae en opmerkings te deel aan die prediker wat aan diens is na die preek.
- Die teks dieper te bespreek en sodoende Bybelkennis en hartskennnis nader aan mekaar te bring. (Ons koppe en harte te verbind aan mekaar deur die leiding van die Gees in ons gesprekke.)

Die groep kan goed werk as jy bietjie dieper wil delf en relevante inligting saam met ander gelowiges in jou geloofstuiste wil deel. Dit bind jou ook nie aan tyd en plek nie, wat kan help wanneer jou kinders se program alreeds oorvol is en jou eie tyd ook beperk is.

Laat weet gerus vir Dewald/Willem per Whatspp indien jy deel van die Bybelleef groep wil wees.






# SO HOU ONS KONTAK!

KERKKANTOOR: 028 212 1202
NGKCALEDON@TWK.CO.ZA

KANTOOR WHATSAPP-NOMMER:
072 807 3192

DS. DEWALD DU TOIT:
028 212 1332 |082 940 4901
DUTOITDEWALD@YAHOO.COM

DS. WILLEM LUBBE:
082 718 7298
WILLEMLUBBE@HOTMAIL.COM

WEBBLAD: NGCALEDON.CO.ZA

FACEBOOK: NG KERK CALEDON MOEDERGEMEENTE

BANKBESONDERHEDE: N.G. KERK CALEDON,
NEDBANK TJEKREK: 1835 010 229
TAKKODE: 183509

Snap here to pay
SnapScan

